DOOPREGISTRASIE

E-pos die voltooide vorm aan lidmate@luxmundi.org.za of faks na 012 993 0093
Kerkkantoor Tel: 012 998 8801

Beste doopouer(s)

Baie geluk met julle kind(ers)! Kinders is vir ons geskenke uit die hand van God en vir ons baie kosbaar.

Wanneer ouers hulle kinders laat doop, bevestig hulle onder andere voor God dat hulle dit nie doen uit gewoonte of omdat dit 'n goeie tradisie is nie. Jou kind word op sy/haar doopdag ook deel van die gemeente.

Dit is vir ons by Lux Mundi belangrik om ouers sinvol te begelei as hulle hulle kinders bring om gedoop te word, sodat dit vir die ouers self 'n geleentheid van geestelike groei kan wees en sodat hulle ook beter toegerus is om die doopbelofte na te kom.

Ons het agtergekom dat alle ouers nie heeltemal op dieselfde plek in hulle geestelike reis met die Here is nie - party ouers dink vir die eerste keer in 'n lang tyd na oor hulle verhouding met die Here na die geboorte van hulle kinders en begin dink oor hulle kinders se geloofsopvoeding; ander stap weer 'n langer pad met die Here.

Wat ook al jou geestelike reis is, ons wil baie graag die pad vorentoe saam met jou stap. Ten einde 'n sinvolle pad saam met jou te kan stap, is dit nodig dat ons jou as persoon beter leer ken en ook iets weet van jou geloofsreis. Neem asseblief so halfuur en vul die meegaande vorm vir ons in. Net soos ouers nie hulle kinders uit gewoonte of bygelowigheid laat doop nie, is die doop ook nie vir ons 'n administratiewe oefening nie. Ons neem die verbond, die inhoud van die verbond en die konsekwensies van die doopbelofte van ons kant af, baie ernstig op.

Afdeling A is biografiese data wat ons benodig vir die doopregistrasie en om ons databasis op datum te hou. Dit is vir ons belangrik om na afloop van die doop met jou kontak te behou. Jy/julle kan hierdie vorm by die kerkkantoor inhandig of faks na (012) 993 0093. Vir enige navrae oor afdeling A, kontak gerus vir ***Ilse Oosthuizen*** by (012) 998 8801 of stuur vir haar 'n epos by ***groei@luxmundi.org.za.***

Afdeling B moet asseblief deur beide ouers afsonderlik ingevul word. Gee dit in 'n koevert by die kerkkantoor in of stuur dit elektronies na ***Frikkie Coetzee*** by ***fcoetzee@luxmundi.org.za***. Die inligting sal vertroulik hanteer word. Ons het hierdie inligting nodig om die doopgesprekke sinvol voor te berei, die breë tendense in die kerk te verstaan en om te weet waar jy op jou geestelike reis trek. Vul dit asseblief eerlik in. Ons sal so gou as moontlik na afloop van die doopregistrasie met jou/julle in verbinding tree om die besonderhede van die doopgesprekke aan julle deur te gee.

LW: Bywoning van al hierdie gesprekke is verpligtend - die doop sal nie bedien word alvorens die ouers al die nodige gesprekke bygewoon het nie.

Mag die doop van julle kind(ers) vir julle 'n wonderlike ervaring wees van God se troue liefde en vir julle persoonlik geestelik verrykend wees!

Ds. Frikkie Coetzee
Leraar: Inkomprosesse

Afdeling A	
Inligting van kind	
Volle name:	
Noemnaam:	
Van:	
Geslag:	
Geboortedatum:	dd/mm/jjjj
Identiteitsnommer:	

Inligting van Vader	
Volle name & van:	
Noemnaam:	
Identiteitsnommer:	
Selfoonnommer:	
Eposadres:	

Inligting van Moeder	
Volle name & van:	
Noemnaam:	
Nooiensvan:	
Identiteitsnommer:	
Selfoonnommer:	
Eposadres:	

Algemene inligting			
Volledige straatadres:			
Telno tuis:			
Huweliksdatum:			
Name van ander kinders:			
Is bg kinders gedoop?			

Is albei ouers lid-mate van die NG Kerk?	
Indien nie, meld kerk:	

- Indien een van die ouers in ‘n ander denominasie is, gee asseblief die informasie en kontakbesonderhede van die gemeente so volledig moontlik deur om die lidmaatskapbewyse aan te vra.
- Indien een van die ouers nie bereid is om ‘n lidmaat van die NG Kerk te word nie, sal die leraar verantwoordelik vir doop, eers met die ouers in gesprek tree om al die implikasies te verduidelik. Dit is vir die geloofsopvoeding van die kinders beter as beide ouers in een kerk is. Sekere kerke se leer verskil baie van die NG Kerk, sodat die ouer slegs sal kan bystaan en nie op die vrae sal kan antwoord nie. Soms is dit nodig dat die betrokke ouer eers self belydenis van geloof aflê en/of gedoop word.

Waar kan u lidmaatsertifikaat aangevra word? Die doop kan nie bedien word alvorens dit ontvang is nie.

Vader:		Moeder:	

Ons vertoon ‘n foto van die baba wat gedoop word tydens die doop. Daarvoor benodig ons ‘n elektroniese foto (nie groter as 2MB) of ‘n harde kopie (laasgenoemde sal weer aan u terugbesorg word). Epos asseblief die foto na groei@luxmundi.org.za.

Datum van Doop

Ons wil graag ons kindjie op _____ (datum) laat doop.
Raadpleeg asseblief die Jaarprogram vir doopdatums, alle doopdienste is daarop aangedui.

Onderneming

Ons bevestig hiermee dat ons bereid is om die volle doopprogram, soos deur die gemeente aan ons verskaf na voltooiing van die vorm en vraelys, volledig te deurloop op die datums soos aan ons verskaf.

Geteken: _____ _____
Vader Moeder

Datum: _____

AFDELING B (Word deur elke ouer afsonderlik ingevul)	
VADER SE GELOOFSREIS	
Naam & van:	
Vertel ons meer van die pad wat die Here saam met jou gestap het deur die volgende vrae te beantwoord:	

MY GELOOFSAGTERGROND

1. Watter een van die volgende beskryf jou geloofsagtergrond die beste? Merk een blokkie.

Ek het in 'n tradisionele kerklike huis groot geword waarin ek 'n positiewe ervaring van die kerk en geloof gehad het.	
Ek het in 'n tradisionele kerklike huis groot geword waarin ek 'n negatiewe ervaring van die kerk gehad het.	
Ek kom van 'n meer charismatiese kerklike agtergrond.	
Ek kom uit 'n kerkvervreemde ouerhuis.	
Ek kom uit 'n ongelowige ouerhuis.	
Ander (Beskryf)	

2. Jou belydenisaflegging. Merk een blokkie.

Ek het belydenis van geloof afgelê, nooit weer in die kerk gekom nie, getrou en wil nou ons kind doop.	
Ek het belydenis van geloof afgelê en was intussen aktief in 'n gemeente betrokke.	
Ek het belydenis van geloof afgelê en het na dit slegs sporadies eredienste bygewoon.	
Ek het nooit belydenis van geloof afgelê nie.	
Ander (Beskryf)	

WAAR JY NOU OP JOU GELOOFSREIS TREK

3. Niemand se geloofsreis is dieselfde nie. God stap 'n unieke pad met elkeen van ons. Waar trek jy tans op jou reis? Merk een, twee of selfs meer blokkies. Jy kan byvoorbeeld seker van jou geloof wees, maar tog behoeftig na meer wees.

Onbewus van God	Bewus van 'n God	Behoeftig na meer	Soekend na die Here	Oorgawe BEKERING	Onvolwasse in die Here	Groeiend as Christen	Oorwinnend as Christen	Volwasse as Christen

4. Watter rol speel die Bybel in jou lewe?

Ek lees elke dag Bybel	Ek lees gereeld Bybel & probeer daarvolgens leef	Ek sukkel om die Bybel te verstaan	Ek bid slegs	Ek lees 'n Bybeldagboek	Ek bid sporadies

5. Indien jy sukkel om gereeld by die Here uit te kom, wat is dit wat jou verhinder om stil te word of waarmee sukkel jy? Watter toerusting kan die gemeente jou gee om jou te help om geestelik te groei?

6. As jy vir iemand die storie van jou geloofsreis moes vertel, hoe sou hierdie storie klink? Vertel die storie/reis in so tien sinne. Watter hoogte- en laagtepunte was daar?

JOU GELOOFSEKERHEID

7. Is jy seker dat jy 'n kind van God is en dat jy Jesus as jou Here en Verlosser aangeneem het?. Skryf ja, nee of onseker EN hoekom jy so sê. Verduidelik dus jou antwoord asseblief.

8. Hoe sou jou vrou/kinders/kollegas aan jou lewe kan sien dat jy die Here volg? Skryf 'n kort getuigskrif oor jou geloof deur die oë van iemand wat baie in jou geselskap is of naby aan jou leef of saam met jou werk.

KERKLIDMAATSKAP & BETROKKENHEID

9. Hoe lank is jy al lidmaat van Lux Mundi gemeente?

of

Ek is nie tans lidmaat van die gemeente nie, maar wil graag 'n lidmaat word. Meld kerkgenootskap en gemeente waar jy voorheen 'n lidmaat was:

Hoekom wil jy na Lux Mundi skuif?

10. Hoeveel keer het jy die afgelope ses maande Lux Mundi se eredienste bygewoon?

11. Indien jy nie 'n erediens bywoon nie, wat is die rede daarvoor? Wat doen jy in daardie tyd?

12. Indien jy ouer kinders het, is hulle by die Kleuter- en/of Kinderkerk ingeskakel? Skryf ja of nee. Indien nie, waarom nie?

13. Watter rol sou jy wou hê die gemeente moet in jou lewe speel. Merk een of meer.

Ek wil slegs die eredienste bywoon en deur die prediking opgebou word.	
Ek wil betrokke wees by 'n bediening van die gemeente en kan daaroor gekontak word (bv. Jeug/noodsorg/manne/vroue ens.)	
Ek sal graag meer geestelike ouerbegeleiding van die gemeente wil ontvang en sulke geleenthede wil bywoon.	

Onderwerpe vir ouertoerusting:

_____

_____

_____

14. Watter ander geestelike behoeftes het jy waaraan die gemeente aandag kan gee? Merk een of meer.

Ek sal graag deel wil word van 'n groeigroep waarin ander ouers is wat in dieselfde lewensfase as ons is en saam met wie ons geestelik kan groei.	
Ek het geestelike versorging nodig.	
Ek wil graag met 'n predikant of berader praat.	
Ek wil beter toegerus word oor die volgende aspek in my verhouding met die Here. Spesifiseer.	

15. Het jy enige spesifieke vraag rondom die kerk, die doop of geestelike groei wat jy ons sou wou vra of wat jy onder ons aandag wil bring?

_____

_____

_____

Geteken: _____ Datum: _____

Baie dankie vir jou tyd.

Ons sal jou binnekort kontak en jou doopgesprekke met jou bespreek.

AFDELING B (Word deur elke ouer afsonderlik ingevul)

MOEDER SE GELOOFSREIS

Naam & van:	

Vertel ons meer van die pad wat die Here saam met jou gestap het deur die volgende vrae te beantwoord:

MY GELOOFSAGTERGROND

1. Watter een van die volgende beskryf jou geloofsagtergrond die beste? Merk een blokkie.

Ek het in 'n tradisionele kerklike huis groot geword waarin ek 'n positiewe ervaring van die kerk en geloof gehad het.	
Ek het in 'n tradisionele kerklike huis groot geword waarin ek 'n negatiewe ervaring van die kerk gehad het.	
Ek kom van 'n meer charismatiese kerklike agtergrond.	
Ek kom uit 'n kerkvervreemde ouerhuis.	
Ek kom uit 'n ongelowige ouerhuis.	
Ander (Beskryf)	

2. Jou belydenisaflegging. Merk een blokkie.

Ek het belydenis van geloof afgelê, nooit weer in die kerk gekom nie, getrou en wil nou ons kind doop.	
Ek het belydenis van geloof afgelê en was intussen aktief in 'n gemeente betrokke.	
Ek het belydenis van geloof afgelê en het na dit slegs sporadies eredienste bygewoon.	
Ek het nooit belydenis van geloof afgelê nie.	
Ander (Beskryf)	

WAAR JY NOU OP JOU GELOOFSREIS TREK

3. Niemand se geloofsreis is dieselfde nie. God stap 'n unieke pad met elkeen van ons. Waar trek jy tans op jou reis? Merk een, twee of selfs meer blokkies. Jy kan byvoorbeeld seker van jou geloof wees, maar tog behoeftig na meer wees.

Onbewus van God	Bewus van 'n God	Behoeftig na meer	Soekend na die Here	Oorgawe BEKERING	Onvolwasse in die Here	Groeiend as Christen	Oorwinnend as Christen	Volwasse as Christen

4. Watter rol speel die Bybel in jou lewe?

Ek lees elke dag Bybel	Ek lees gereeld Bybel & probeer daarvolgens leef	Ek sukkel om die Bybel te verstaan	Ek bid slegs	Ek lees 'n Bybeldagboek	Ek bid sporadies

5. Indien jy sukkel om gereeld by die Here uit te kom, wat is dit wat jou verhinder om stil te word of waarmee sukkel jy? Watter toerusting kan die gemeente jou gee om jou te help om geestelik te groei?

6. As jy vir iemand die storie van jou geloofsreis moes vertel, hoe sou hierdie storie klink? Vertel die storie/reis in so tien sinne. Watter hoogte- en laagtepunte was daar?

JOU GELOOFSEKERHEID

7. Is jy seker dat jy 'n kind van God is en dat jy Jesus as jou Here en Verlosser aangeneem het?. Skryf ja, nee of onseker EN hoekom jy so sê. Verduidelik dus jou antwoord asseblief.

8. Hoe sou jou man/kinders/kollegas aan jou lewe kan sien dat jy die Here volg? Skryf 'n kort getuigskrif oor jou geloof deur die oë van iemand wat baie in jou geselskap is of naby aan jou leef of saam met jou werk.

KERKLIDMAATSKAP & BETROKKENHEID

9. Hoe lank is jy al lidmaat van Lux Mundi gemeente?

of

Ek is nie tans lidmaat van die gemeente nie, maar wil graag 'n lidmaat word. Meld kerkgenootskap en gemeente waar jy voorheen 'n lidmaat was:

Hoekom wil jy na Lux Mundi skuif?

10. Hoeveel keer het jy die afgelope ses maande Lux Mundi se eredienste bygewoon?

11. Indien jy nie 'n erediens bywoon nie, wat is die rede daarvoor? Wat doen jy in daardie tyd?

12. Indien jy ouer kinders het, is hulle by die Kleuter- en/of Kinderkerk ingeskakel? Skryf ja of nee. Indien nie, waarom nie?

13. Watter rol sou jy wou hê die gemeente moet in jou lewe speel. Merk een of meer.

Ek wil slegs die eredienste bywoon en deur die prediking opgebou word.	
Ek wil betrokke wees by 'n bediening van die gemeente en kan daaroor gekontak word (bv. Jeug/noodsorg/manne/vroue ens.)	
Ek sal graag meer geestelike ouerbegeleiding van die gemeente wil ontvang en sulke geleenthede wil bywoon.	

Onderwerpe vir ouertoerusting:

_____

_____

_____

14. Watter ander geestelike behoeftes het jy waaraan die gemeente aandag kan gee? Merk een of meer.	
Ek sal graag deel wil word van 'n groeigroep waarin ander ouers is wat in dieselfde lewensfase as ons is en saam met wie ons geestelik kan groei.	
Ek het geestelikeversorging nodig.	
Ek wil graag met 'n predikant of berader praat.	
Ek wil beter toegerus word oor die volgende aspek in my verhouding met die Here. Spesifiseer.	

15. Het jy enige spesifieke vraag rondom die kerk, die doop of geestelike groei wat jy ons sou wou vra of wat jy onder ons aandag wil bring?

_____

_____

_____

Geteken: _____ Datum: _____

Baie dankie vir jou tyd.

Ons sal jou binnekort kontak en jou doopgesprekke met jou bespreek.